From: Megasave BK [mailto:edmos@telkomsa.net]
Sent: Monday, February 18, 2008 9:38 AM
To: The Headache Clinic
Subject: Testimonial -Duan

Hi Henry,

Duan het op 9 jarige ouderdom begin hoofpyne kry. Vir hom as klein, energieke seun, was dit erg as hy so sleg voel dat hy nie eens uit die bed wil opstaan nie. Ons het hom op daardie stadium gevat vir neurologiese ondersoeke en 'n CAT scan. Die dr het bevind dat hy migraine kry en vir hom 'n reeks pille voorgeskryf wat hy vir 6 maande moes gebruik. Die hoofpyne het verbeter, maar nie heeltemal weg gegaan nie. Na 6 maande het ons die pille verminder, maar die hoofpyne het weer teruggekom. So het ons vir 2 jaar aangegaan.

Na 'n 6 weke vakansie waarin Duan steeds baie hoofpyne gekry het, het ek een aand moedeloos op die internet gelees oor hoofpyne en op die HEADACHE CLINIC se website afgekom. Ek het geglo dat dit ons antwoord is en het dadelik 'n afspraak gemaak. Nadat ons baie professioneel ontvang is en al die ondersoeke afgehandel is, is bevind dat Duan (toe 11 jaar) spanningshoofpyne het. Dit was natuurlik vreemd, want hy is 'n gelukkige seun wat goed presteer op skool. Ons het dadelik gekies dat hy 'n PMA moes gebruik ipv pille. Op daardie stadium het hy tot 15 pynstillers op 'n dag gebruik en kon ek nie aanvaar dat my jong seun soveel pille gebruik nie.

Die wonderlike paadjie saam met die HEADACHE CLINIC het toe begin. Nadat hy sy PMA ontvang het en die verstellings gedoen is, het hy binne 2 weke verligting gekry. Sy hoofpyne het drasties verminder. Hy kon weer lag en speel en elke dag skool toe gaan.

Gedurende 2007 moes ons die PMA 'n paar keer herstel en verstel, maar glo my dit was oor en oor die moeite werd. Duan kry nou feitlik nooit meer hoofpyn nie en drink dus baie minder pille. Sy PMA is nou weer weg vir herstelwerk en in die 2 weke wat hy dit nie gedra het nie, het hy net 3 keer ligte hoofpyne gekry.

Die gebruik van die PMA het ook geensins 'n invloed gehad op sy sport of alledaagse bedrywighede nie. Hy haal dit net uit wanneer hy rugby speel of eet. En glo my - hy pas die PMA soos goud op, want hy weet hoe baie dit vir hom beteken. Dit het ook geen invloed op sy spraak gehad nie.

As Ma van so 'n jong kind, kan ek net getuig daarvan dat die PMA vir Duan wondere verrig het. Daar was baie oggende wat hy met 'n hoofpyn wakker geword het, wat hy soms vir 2 dae nie skool toe kon gaan nie. Dit is nou iets van die verlede. Die intensiteit van die hoofpyne het ook baie afgeneem.

Ek kan die HEADACHE CLINIC ten sterkste aanbeveel, want my seun het nou weer 'n kwaliteit lewe wat hy kan geniet.

Ek wil graag die volgende persone uitsonder waarmee ons te doen gekry het in die afgelope jaar. Henry in Johannesburg wat altyd baie profesioneel ons afsprake hanteer en altyd gebel het om te hoor hoe Duan vorder. Dit was lekker om te weet julle stel belang. Ook suster Simone in Kaapstad wat soveel geduld het om die PMA te verstel. Jy het ons ons altyd laat gemaklik voel en wou net altyd die beste hê vir Duan. Baie dankie julle is wonderlik!!

Magdalena

PDF compression, OCR, web optimization using a watermarked evaluation copy of CVISION PDFCompressor